

**31 Julie**

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:1–33**

**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:31–33 (NV)**

### **Hoop met volharding**

Hoe kan God 'n God van liefde wees as Hy ons so swaar beproef? Jeremia sê ons moet geduldig wees en geduldig bly as ons beproef word. Geduld vra ons om ons af te sonder en stil te word voor die aangesig van die Here. Ons moet Hom vra wat Hy aan ons wil sê deur die beproewing. Geduld vra dat ons nie OOR God moet kla nie, maar TOT Hom moet kla.

Opstandigheid, verbittering en klagtes word dikwels deur die mens TEEN God ingebring en nie NA God toe gebring nie. Geduld moet ons bring by Jesus Christus. Hy was eensaam en alleen en hierin het Hy ons sondelas aan die kruis gedra.

Satan wil elke beproewing omskep in 'n versoeking. Hy wil hê dat ons opstandig raak. In die *geloof* moet ons egter bly hoop. Daar mag nie twyfel in ons harte kom nie. Twyfel sien struikelblokke, maar geloof sien die pad wat lei na die ewige heerlijkheid.

By God is daar altyd *hoop* – hoop van gebed. Nie my wil nie, maar laat U wil alleen geskied. So kom daar algehele oorgawe aan die Here en wat Hy ook al besluit, daarin sal ons berus.

Die Here laat ons egter nooit in ons beproewing ten gronde gaan nie. Sy *liefde* vir ons is te groot daarvoor, maar dan moet ons ons voor Hom verootmoedig en hoor wat Hy vir ons wil sê. Hierin lei die Gees ons sodat ons selfondersoek nie vrugteloos is nie.

*Sing: Skrifberyming 34:3 Ds MPA Venter (Keetmanshoop/Karasburg)*